Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE
# SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2013

# GESKIEDENIS V1

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n bylaag van 12 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING AAN KANDIDATE

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES vrae gebaseer op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk van die CAPS-dokument.

   VRAAG 1: KOMMUNISME IN RUSLAND 1900 TOT 1940 (Brongebaseerde vraag)

   VRAAG 2: KAPITALISME IN DIE VSA 1900 TOT 1940 (Brongebaseerde vraag)

   VRAAG 3: IDEES OOR RAS IN DIE LAAT 19DE EN 20STE EEU (Brongebaseerde vraag)

   VRAAG 4: KOMMUNISME IN RUSLAND 1900 TOT 1940 (Opstelvraag)

   VRAAG 5: KAPITALISME IN DIE VSA 1900 TOT 1940 (Opstelvraag)

   VRAAG 6: IDEES OOR RAS IN DIE LAAT 19DE EN 20STE EEU. (Opstelvraag)

2. Elke vraag tel 50 punte en begin met 'n sleutelvraag.

3. Kandidate moet DRIE (3) vrae BEANTWOORD: EEN brongebaseerde vraag, EEN OPSTELVRAAG en EEN ander vraag.

4. In die beantwoording van die vrae moet kandidate hulle kennis, vaardighede en insig gebruik.

5. Skryf netjies en leesbaar.

## VRAAG 1: WAT WAS DIE OORSAKE VAN DIE RUSSIESE REWOLUSIE VAN 1917?

1.1 Lees Bron 1A.

1.1.1 Gebruik die bron en jou eie kennis om die volgende konsepte te definieer:

(a) Kapitalisme
(b) Onderdrukking (2 x 2) (4)

1.1.2 Waarom, volgens die geskrewe bron, was die mense ongelukkig? (2 x 1) (2)

1.1.3 Watter bewyse is daar in die geskrewe bron wat daarop dui dat Rusland nie 'n demokratiese land was nie? (1 x 2) (2)

1.1.4 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik watter tipe leier die tsaar was. (1 x 1) (1)

1.1.5 Gebruik jou eie kennis om te verduidelik hoe die tsaar teenoor die betogers gereageer het. (1 x 2) (2)

1.1.6 Gebruik TWEE visuele leidrade uit die visuele bron om die veranderinge wat die tsaar na die 1905 revolusie aangebring het, te verduidelik. (2 x 2) (4)

1.1.7 Verduidelik die betroubaarheid van die geskrewe bron vir 'n historikus wat navorsing oor die gebeure van Bloedige Sondag doen. (2 x 2) (4)

1.2 Verwys na Bron 1B.

1.2.1 Gebruik die geskrewe bron en jou eie kennis om te verduidelik waarom Rusland aan die Eerste Wêreldoorlog deelgeneem het. (1 x 1) (1)

1.2.2 Identifiseer TWEE plekke, volgens die geskrewe bron, waar die Russiese leër deur haar vyande verslaan was. (2 x 1) (2)

1.2.3 Waarom, volgens die geskrewe bron, was die Russe verslaan? (2 x 1) (2)

1.2.4 Wat was die politieke gevolge van hierdie mislukte oorlogspoging vir Rusland? (2 x 1) (2)

1.2.5 Gebruik die visuele bron om die ekonomiese impak van die oorlog op die Russiese bevolking te verduidelik. (2 x 2) (4)

1.2.6 Hoe ondersteun die visuele bron die geskrewe bron met betrekking tot die impak van die oorlog op Rusland? (1 x 2) (2)

1.3 Raadpleeg Bron 1C.

1.3.1 Gebruik die bron en identifiseer TWEE foute wat deur die voorlopige regering, na die omverwerping van die tsaar, gemaak was. (2 x 1) (2)

1.3.2 Verduidelik wat Lenin bedoel het toe hy gesê het dat: "Die mense benodig vrede, die mense benodig brood, die mense benodig grond." (3 x 2) (6)

1.3.3 Watter alternatiewe ideologie het Lenin vir die mense van Rusland aangebied? (1 x 2) (2)

1.4 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik waarom kapitalisme ongewild in Rusland geraak het. (8)

**[50]**

## VRAAG 2: TOT WATTER MATE HET DIE NUWE BEDELING DIE KAPITALISTIESE BEGINSELS TEENGESTAAN?

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Na watter ekonomiese stelsel verwys Hoover in sy toespraak in New York in 1932? (1 x 2) (2)

2.1.2 Waarom was daar so baie werklose mense in die VSA in 1932? (1 x 2) (2)

2.1.3 Watter tipes indiensneming-inisiatiewe, volgens die bron, het Roosevelt verskaf om werkloosheid te verlig? (2 x 1) (2)

2.1.4 Tot watter mate sal jy saamstem met Roosevelt se standpunt dat 'die Federale regering moet tydelike werk verskaf om werkloosheid te verlig'? (1 x 2) (2)

2.1.5 Vergelyk Standpunt 1 en Standpunt 2. Hoe verskil hierdie twee standpunte met betrekking tot die regering se rol in 'n kapitalistiese ekonomie? (2 x 2) (4)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

2.2.1 Waarom, volgens die bron, het so baie banke in 1933 gesluit? (3 x 1) (3)

2.2.2 Waarom het Roosevelt die radio as 'n belangrike uitsaai-instrument gebruik? (2 x 2) (4)

2.2.3 Verduidelik hoe Roosevelt die Amerikaanse publiek oortuig het om hul geld in banke te deponeer. (2 x 2) (4)

2.3 Verwys na Bron 2C.

2.3.1 Watter voordele het die Sosiale Versekeringswet die Amerikaanse publiek aangebied? Gebruik visuele leidrade uit die bron om die vraag te beantwoord. (3 x 1) (3)

2.3.2 Hoe sou die Republikeine (teenstanders van Roosevelt) teenoor hierdie plakkaat gereageer het? (2 x 2) (4)

2.4 Lees Bron 2D.

2.4.1 Hoeveel state het voordeel getrek het uit die Tennessee Valley Authority (TVA)? Gebruik visuele leidrade uit die bron om die vraag te beantwoord. (1 x 1) (1)

2.4.2 Hoeveel damme is gebou is as deel van die Tennessee Valley Authority (TVA)? Gebruik visuele leidrade uit die bron om die vraag te beantwoord. (1 x 1) (1)

2.4.3 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe die bou van damme die lewens van Amerikaanse burgers verbeter het. (2 x 1) (2)

2.5 Raadpleeg Bron 2E.

2.5.1 Waarvoor staan die afkorting NRA? (1 x 1) (1)

2.5.2 Gebruik die bron en jou eie kennis om die doelwitte van die NRA te verduidelik. (3 x 1) (3)

2.5.3 Wat is die betekenis van die “Blue Eagle”-simbool in die bron? (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf ’n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik waarom Roosevelt se Nuwe Bedeling so wyd deur gewone Amerikaners ondersteun was. (8)

**[50]**

## VRAAG 3: HOE HET DIE IDEES VAN SOSIALE DARWINISME GELEI TOT DIE SKENDING VAN MENSEREGTE IN DUITSLAND?

Bestudeer bronne 3A, 3B en 3C om die volgende vrae te beantwoord.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Gebruik die bron en jou eie kennis om die begrip "*Sosiale Darwinisme*" te verduidelik. (1 x 2) (2)

3.1.2 Watter ras, volgens die bron, was as meerderwaardig beskou? (1 x 1) (1)

3.1.3 Waarom, volgens die bron, was Hitler teen die Jode gekant? (2 x 1) (2)

3.1.4 "Bewaring van rassuiwerheid is die eerste en heiligste plig van die uitverkore ras."

Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe Hitler hierdie doel bereik het. (2 x 2) (4)

3.1.5 Noem DRIE ander groepe wat ook as minderwaardig en ongewens (nie baie gewild) teenoor die Duitse ras beskou was. (3 x 1) (3)

3.2 Raadpleeg Bron 3B.

3.2.1 Gebruik TWEE visuele leidrade uit die visuele bron en identifiseer TWEE maniere hoe teen Jode gediskrimineer was. (2 x 1) (2)

3.2.2 Hoe dink jy, sou die Jode op hierdie foto reageer het? (1 x 2) (2)

3.2.3 Is anti-Semitisme, soos uitgebeeld in die foto, ŉ probleem van die verlede? Verduidelik jou antwoord. (1 x 3) (3)

3.2.4 Watter gevolgtrekking kan uit hierdie foto oor die Nazi-onderwysstelsel gemaak word? (2 x 2) (4)

3.3 Verwys na Bron 3C.

3.3.1 Watter maatreëls was teen gevangenes geneem wat die Nazi-wette verontagsaam het? (3 x 1) (3)

3.3.2 Watter effek, dink jy, het die publieke straf van misdade op gevangenes gehad? (2 x 2) (4)

3.3.3 Hoe kon die bewaarders deur hul wrede behandeling van die gevangenes affekteer word? (2 x 1) (2)

3.3.4 Hoe komplimenteer (ondersteun) die visuele bron die geskrewe bron met betrekking tot die strafmaatreëls van gevangenes? (1 x 2) (2)

3.4 Lees Bron 3D.

3.4.1 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik wat Hitler met sy "Finale Oplossing" bedoel het. (1 x 2) (2)

3.4.2 Watter bewyse is daar in die bron wat daarop dui dat die "Finale Oplossing" wel plaasgevind (gebeur) het? (1 x 2) (2)

3.4.3 Kan Himmler se kommentaar dat "hulle die mense moet doodmaak wat ons wou doodmaak" geregverdig word? Verskaf redes vir jou antwoord. (2 x 2) (4)

3.5 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van omtrent AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe Hitler die menseregte van minderheidsgroepe in Europa geskend het. (8)

**[50]**

**VRAAG 4**

Kandidate mag slegs EEN van die volgende twee opstelle beantwoord.

4.1 "Die Russiese Revolusie het plaasgevind oor 'n wye verskeidenheid van redes". Bespreek die geldigheid van hierdie stelling deur te verwys na die tydperk 1905 tot 1917. **[50]**

**OF**

4.2 Verduidelik waarom Lenin die Nuwe Ekonomiese Beleid bekend gestel het asook die impak wat dit op die Russiese ekonomie gehad het. **[50]**

**VRAAG 5**

Kandidate mag slegs EEN van die volgende twee opstelle beantwoord.

5.1 Evalueer die prestasies van Roosevelt se Nuwe Bedeling ten opsigte van die opheffing van die landbou, die vermindering van werkloosheid en die verbetering van arbeidsverhoudinge. **[50]**

**OF**

5.2 Bespreek die oorsake en gevolge van die Groot Depressie van 1929. **[50]**

**VRAAG 6**

"Die inboorlinge van Australië was onderwerp aan een van die grootste pogings tot uitwissing in die geskiedenis."

Bespreek die geldigheid van hierdie stelling deur te verwys na die impak van Sosiale Darwinisme op die Britse koloniale beleid in Australië tussen 1788 en 1900. **[50]**

**TOTAAL: 150**